# ‘n Johannese Ekklesiologie?

S T Potgieter[1]

(Universiteit van Pretoria)

**ABSTRACT**

A Johanine Ecclesiology?

*In this research certain theological concepts in the so-called farewell discourses of Jesus in John 13:1-17:26 is systematised. These theological concepts are identified as the unique characteristics belonging to a group of people who is described as "Jesus' own" in the passage referred to. They are characterised as a communion of faith, love, service, joy and peace, prayer, teaching, and unity as well as a community of the Holy Spirit, and missionary.*

*It is shown that the portrayal of this group primarily corresponds to the characteristics of a first century Mediterranean family. A normal relationship between a father and son is activated when analogical references are made to God as Father and Jesus as Son. Normal people receive the status of children of God as well as the unique features that set them apart from the world, through a spirited birth process.*

*An alternative lifestyle is expected of God's family in a hostile world, characterized by hate.*

## 1 INLEIDING

Die woord *εςκκλεσιὰ* kom nie in die Vierde Evangelie voor nie. Trouens, terme wat elders in die Nuwe Testament met ‘n ekklesiologiese perspektief verbind word, byvoorbeeld "die liggaam van die Here" of "die volk van God" is ook in hierdie evangelie afwesig. Die debat oor die aanwesigheid, al dan nie, en die aard van ‘n Johannese ekklesiologie bly steeds relevant en het nog altyd vir verskillende standpunte gesorg. Vandaar die vraagteken in die titel van hierdie artikel.

Die standpunte wat navorsers verteenwoordig, verdeel die debat in verband met ‘n Johannese ekklesiologie hoofsaaklik in twee pole wat moontlik soos volg opgesom kan word:

### 1.1 Die navorsing wat nie ‘n ekklesiologiese perspektief in die Vierde Evangelie bespeur nie

Hier is die standpunt van Rudolf Bultmann (1953:437) goed bekend. Hy vind geen direkte ekklesiologiese spoor in die Johannesevangelie nie en kan, weens die invloed wat die gnostiek volgens hom op die evangelie het, ook nie 'n verband tussen die kerk en die *Heilsgeschichte*, sien nie. In

[1] Doktorale student, Prof J G van der Watt, Departement Nuwe Testament, Universiteit van Pretoria.

dieselfde trant verklaar O'Grady (1975:260): "We do not find the description of a community as the Church as the people of God; there is no significant references to the kingdom... there is no church order since the Spirit continues the function of Jesus".

### 1.2 Die navorsing wat wel 'n ekklesiologiese perspektief in die Vierde Evangelie vermeld

In teenstelling met die bogemelde standpunte is navorsers soos Kysar (1975:241), Vanderlip (1975:80) en Schnackenburg (1982:203) daarvan oortuig dat die Vierde Evangelie 'n geskrif is wat 'n duidelike ekklesiologiese perspektief weerspieël.

Ander navorsing weer, gaan myns insiens op 'n indirekte wyse te werk om die ekklesiologiese beeld in die Johannesevangelie aan die orde te stel.

#### 1.2.1 Die Johannese gemeenskap

'n Gewilde metode wat veral in die sestiger en sewentiger jare groot byval onder talle navorsers gevind het, was om 'n sogenaamde Johannese gemeenskap as die "gemeente agter die evangelie", te konstrueer. Hierdie gemeenskap sou dan volgens hierdie navorsers die *Sitz im Leben* van die evangelie grootliks weerspieël. Die metode waarvolgens navorsers hoofsaaklik te werk gegaan het, was om die teks van die Johannesevangelie as 'n "venster" te beskou waardeur gekyk is ten einde die kontoere van die Johannese gemeenskap aan die "agterkant" van die teks, te trek. Die talle publikasies sedert 1970, wat nie altyd in ekklesiologiese terme gegiet is nie, getuig van die gewildheid van hierdie metode[2].

Volgens hierdie metode speel die Johannese verhaal op twee vlakke af. Eerstens as 'n historiese vertelling van die gebeure in verband met Jesus, maar tweedens ook as die geïnterpreteerde belewing van hierdie gebeure deur die Johannese gemeenskap (Du Rand 1990:53). Die werklike stigter van die Johannese gemeenskap kon, volgens Du Rand, die lieflingsdissipel gewees het, wat as die bron van die oorleweringe opgetree het en ook vir die interpretasie daarvan, verantwoordelik was.

#### 1.2.2 **Die dissipels as verteenwoordigers van die kerk in die Johannesevangelie**

In die sestiger jare verklaar Via (1961:173): "For John the disciples represent the Chrurch or are the Church in miniature, so that what he says about the disciples he understands about the Church". Dit is veral Schnackenburg (1982:206) wat die ekklesiologie en dissipelskap as twee

---

[2] Man from Heaven (Meeks 1972), The Johannine School (Culpepper 1975), Glimpses into the history of the Johannine Community (Martyn 1979), The community of the beloved disciple (Brown 1979).

verwante temas beskou. Beide staan in verband met die funksionering van ‘n gemeenskap sowel as die optrede van individuele lede. Met hierdie siening sluit hy sterk aan by Brown (1970:cix) wat in die metafore van die herder/kudde (10:3-5) en wingerd (15:1-8) ‘n duidelike aanduiding van ‘n geloofsgemeenskap vind.

Ook Roloff (1993:300) verstaan die Johannese ekklesiologie as ‘n funksie van ‘n Christusgemeenskap wat uit individuele gelowiges bestaan. Omdat Christus die gelowiges tot sy vriende maak, is die kerk vir hom ‘n gemeenskap van Jesus se vriende wat terselfdertyd ook vriende van mekaar is. Hy beskryf die verskillende ontwikkelingsfases van hierdie groep en skryf hulle bestaan uitsluitlik aan die heil in Christus toe. “Die Kirche ist sommit lediglich Folge des Heils, nicht aber Ort der Ereignung von Heil” (Roloff (1993:302).

In my konstruering van ‘n Johannese ekklesiologie, volg ek nie een van bogenoemde rigtings nie. My uitgangspunt is dat die ekklesiologiese perspektief wat die Johannesevangelie vertoon, **in die teks** self geleë is. Vir die ontginning van hierdie perspektief spreek dit vanself dat ‘n teksimmanente eksegetiese proses benodig word. Hierdie eksegetiese proses kan nie hier in detail geskied nie. Die doel daarmee is om slegs sekere teologiese konsepte in verband met die *ekklesia* te identifiseer.

### 1.3 Die *ekklesia* as familie van God

In sy navorsing oor die antieke familie, toon Van der Watt (1999:2) baie duidelik aan dat familieterme reg deur die Vierde Evangelie aangetref word. Met Johannes 5 as oriënteringspunt vir die vestiging van die familiebeeld in die evangelie, word God as Vader en Jesus as Seun geïdentifiseer. ‘n Gewone verhouding tussen ‘n vader en ‘n seun word op dié wyse geaktiveer om die verhouding tussen God en Jesus te beskryf. Buite Bybelse bronne word deur Van der Watt slegs gebruik om die optrede en gebruike van die antieke familie, soos wat dit in die Johannesevangelie ontvou, te kontroleer.

**Vir die doeleindes van hierdie artikel stel ek die hipotese dat die uitbeelding van ‘n sekere groep mense, wat in Johannes 13:1 as Jesus se “eie” beskryf word, hoofsaaklik ooreenstem met die karaktertrekke van ‘n eerste-eeuse Mediterreense familie.** Hierdie groep sou ek egter nie sonder meer as die *ekklesia* van die Johannesevangelie bestempel nie, omdat hulle stellig nog nie soos ‘n gemeente gefunksioneer nie, maar reeds in hierdie vroeë stadium vertoon hulle talle van die eienskappe wat uitsluitlik eie aan die *ekklesia* is.

In die artikel word verder kortliks aangetoon hoe die eksegetiese bevindinge stelselmatig twee parallelle wêrelde laat ontvou wat metafories met mekaar in verbinding staan, naamlik die antieke

Mediterreense familie en die familie van God. Die letterlike of figuurlike interpretasie van werkwoorde soos “liefhê”, “deelhê”, “sorg”, “sien”, “hoor”, “doen”, ensovoorts trek gaandeweg die kontoere van hierdie twee families.

## 2 DIE GEBOORTE VAN DIE KERK

Van der Watt (1991:93) neem in sy strukturele uiteensetting van die teologie van die Johannesevangelie, die vertikale en horisontale dimensies van Jesus se optrede as bepalende faktore Hy som die doel van Jesus se inkarnasie op deur te sê dat Hy (Jesus), ‘n “ander wêreld”, of die wêreld van “bo” (God se wêreld), in hierdie wêreld (“onder”) kom vestig het. Hierdie optrede van Jesus verleen aan hierdie wêreld ‘n dualistiese karakter. Hieruit volg dat Jesus se missie ‘n verhouding tussen God en mens (vertikaal) en tussen mense onderling (horisontaal) moontlik gemaak het. Die gebeurtenis wat hierdie verhoudings kon laat realiseer, was die kruis en Jesus se daaropvolgende opstanding uit die dood. Dit is waarom die kruis as die “geboorte-uur” van die kerk aangeteken staan.

Jesus se aankondiging in Johannes 13:1 voorsien in die lig van hierdie Christologiese fundering, ‘n sleutel vir die verstaan van die *ekklesia* in die Johannesevangelie:

> “Voor die viering van die paasfees
>
> Het Jesus geweet dat die tyd (*ὥρα*) vir Hom gekom het
>
> Om van hierdie wêreld na die Vader oor te gaan (*μεταβῇ*)
>
> Hy het sy eie mense (*τούς ἰδίους*) wat in die wêreld is liefgehad
>
> Hy het hulle tot die uiterste toe (*τέλος*) liefgehad”.

Twee sake is in hierdie vers vir die onderwerp ter sprake van belang: Eerstens motiveer die aanbreek van sy “uur”, Jesus se verdere optrede. Sy optrede word tweedens in terme van sy liefde vir ‘n groep mense, wat hier as sy “eie” beskryf word, uitgedruk. Dit is duidelik dat *ὥρα* direk met *μεταβη* (Jesus se terugkeer na die Vader via die kruis) in verband staan. Die gevolg van hierdie gebeure is dat 'n groep mense, wat as Jesus se “eie” geïdentifiseer word, in die wêreld begin opereer. Dit is verder duidelik dat hierdie groep van die “wêreld” onderskei word. Dit is hierdie groep wat volgens bogenoemde hipotese veral in die sogenaamde afskeidsredes (Joh 13:1-17:26) deur die outeur volgens die karaktertrekke van ‘n eerste eeuse Mediterreense familie beskryf word.

## 3 DIE VADER (GOD) SE VERHOUDING MET DIE SEUN (JESUS)

In Johannes 13:3 verklaar die outeur hoe Jesus geweet het dat die Vader alles in sy hande geplaas het en dat Hy van God gekom het en na God

terugkeer. Nie alleen plaas die familieterme “vader” en “seun” hierdie gedeelte binne ‘n familie konteks nie, maar Jesus word in ‘n posisie teenoor God gestel wat ooreenstem met die posisie wat ‘n seun teenoor sy vader in ‘n antieke Mediterreense wêreld beklee het. Vaders het gewoonlik ‘n hoër gesagsposisie as seuns beklee. Hier word God beskrywe in die rol wat van vaders in antieke families verwag is naamlik om as versorger van sy familie op te tree.

Die gesantskapskonteks wat in 13:16 in terme van ‘n “sender” (met hoër gesag) en ‘n “gesant” (met minder gesag) beskryf word, bevestig hierdie posisies van Vader en die Seun. Ten einde ‘n geloofwaardige getuie te wees, word van die Seun (Jesus) verwag, wat ook van seuns in antieke families verwag is, naamlik gehoorsaamheid aan die Vader se opdragte. In 14:10 word hierdie gehoorsaamheid van die Seun onderstreep as Jesus verklaar dat Hy nie enige woorde uit sy eie spreek nie, maar slegs dit sê (en doen) wat sy Vader aan Hom gegee het om te sê. Ook hierin blyk die Vader se rol as versorger van sy familie en as dié Een wat verantwoordelikheid neem vir die familie se onderrig – ‘n taak wat in antieke families volledig op die skouers van die vaderfiguur gerus het. Ook in hoofstuk 15 word deur middel van die metafoor van die wingerd die Vader se rol as versorger van sy familie sterk beklemtoon.

## 4 JESUS (DIE SEUN) SE VERHOUDING TEENOOR SY DISSIPELS (KINDERS)

Teenoor die dissipels vervul Jesus as Seun die rol van ‘n oudste broer in die familie. In 13:33 noem Jesus sy dissipels “My kinders” (*τεκνία*). Hierdie eenmalige benaming van die dissipels in die evangelie, is ‘n term eie aan die familie. Dit gee volgens Oepke (1978:638) ook uitdrukking aan die verhouding wat tussen ‘n onderwyser en ‘n kind bestaan. Eerder as om aan die dissipels as broers te dink, onderrig Jesus hulle soos klein kindertjies. Die vraag wat tydens Jesus se afskeid ontstaan is hoe die dissipels, sonder Jesus se fisiese teenwoordigheid, hulle verhouding met Hom sal kan voortsit. Jesus verstrek die antwoord op hierdie vraag as Hy dit deur middel van sy onderrig aan hulle in Joh 13:34-35 duidelik maak. Met hulle onderlinge liefde bestaan die moontlikheid dat die dissipels steeds aan Jesus verbonde sal bly en hulleself as ‘n liefdesgemeenskap teenoor die wêreld sal posisioneer. Só vervul Jesus sy rol as oudste broer, deur leiding en onderrig aan sy dissipels te voorsien ten opsigte van hulle voortgesette gedrag teenoor die Vader (gebede) en teenoor mekaar (liefde).

## 5 KENMERKE VAN JESUS SE "EIE" (ἰδίοι) VOLGENS DIE TEOLOGIESE KONSEPTE WAARAAN GOD SE FAMILIE UITGEKEN WORD

### 5.1 Jesus se ἰδίοι as geloofsgemeenskap

Uit die eksegetiese ondersoek van Johannes 13:1-17:26, staan geloof en liefde waarskynlik uit as die vernaamste kenmerke van Jesus se ijdivoi. Geloof funksioneer in Joh 14:6 as naelstring waardeur die verbinding tussen God en sy familie realiseer. Dit geskied deur middel van 'n persoonlike geloofsverbindtenis met die Seun, wat Homself as die enigste verteenwoordiger van God se wêreld, aan mense bekendstel.

Dit is verder duidelik dat die evangelis geloof met woorde soos *ἑώρακεν* en *ἤκουσα* beskryf en dit as ekwivalente terme vir geloof aanbied. Om Jesus te "sien" en te "hoor" behels dus meer as bloot 'n sensoriese waarneming van Hom (14:7,9; 15:15). Ook *γνωκαν* dui eerder op 'n vertrouensverhouding as kognitiewe kennis van Jesus. Kennis is in die Evangelie 'n verdere kenmerk van die familie. In 17:1-3 lê kennis byvoorbeeld ten grondslag van die intieme verhouding tussen die Vader en sy kinders. Om die ewige lewe te hê, beteken hier om die Seun as die enigste agent van die Vader te ken.

Die twee konstruksies wat die outeur van die Evangelie hoofsaaklik gebruik om uitdrukking aan geloof te gee is: Geloof + *εἰς* gevolg deur die akkusatief en geloof + *ὅτι.* Eersgenoemde struktureer die geloofsaanvaarding van Jesus en weerspieël dit waarvoor kinders in antieke families bekend was, naamlik hulle gehoorsaamheid, vertroue en oorgawe aan die hoër gesag. Laasgenoemde hou hoofsaaklik verband met Jesus se aardse missie, naamlik om te aanvaar dat Jesus wel die gestuurde van die Vader is (17:8, 21 asook een met die Vader is (14:10-11).

Samevattend kan die resultaat van die geloofsbinding tussen Jesus en sy *ἰδίοι* soos volg beskryf word:

- Geloof beteken om in Jesus te wees *(ἐν ἐμοί*; 15:2);
- "Om in Jesus te wees" veronderstel 'n persoonlike verhouding met Hom wat toewyding en volharding vra *(μείνατε ἐν ἐμοί*; 15:4);
- Só alleen word vrug (*καρπο ν́*) gewaarborg (15:4);
- Vrug behels die gehoorsaamheid aan Jesus se gebooie *(τα ́ς ἐντολάς μου τηρήσητε*) en bevestig die liefdesverhouding tussen gelowiges en die Seun (15:10);

Die gehoorsaamheid aan Jesus se gebooie mond uit in die liefde wat gelowiges teenoor mekaar openbaar (*ἀγαπᾶτε ἀλλήλους*, 15:12).

Die hele skema van die vrug as resultaat van ‘n geloofsverbinding met Jesus staan onder die oorhoofse tema van die Vader/Seun-verhouding. Hierdie verhouding dien vir die res van die familie as ‘n model ten opsigte van hulle liefde (15:9) en gehoorsaamheid (15:10). Die geloofsgemeenskap se etiese funksionering is dus teologies en Christologies gefundeer.

## 5.2 Jesus se ἴδίοι as liefdesgemeenskap

Weens die onsigbaarheid van geloof is dit nie altyd moontlik om te bepaal of geloof inderdaad in die gemeente teenwoordig is of nie. Die aanwesigheid van onderlinge liefde, wat wel gesien en ervaar kan word, dien volgens Joh 13:35 as 'n bevestiging dat mense Jesus se dissipels is en dat 'n egte geloofsgemeenskap wel bestaan. Die rede hiervoor is dat geloof en liefde direk by mekaar aansluit en die een ‘n bevestiging van die ander is. Die implikasie is dat ‘n gebrek aan onderlinge liefde terselfdertyd ‘n gebrek aan geloof kan weerspieël.

Met die identifisering van Jesus se ἴδίοι as ‘n liefdesgemeenskap, staan die *onderlinge liefde tussen lede* uit as die vernaamste kenmerk van hierdie gemeenskap. Hiermee is die familiebeeld onmiddellik weer geaktiveer. Om mekaar lief te hê, het ‘n goddelike oorsprong. In Johannes 13:34 toon Jesus aan dat Hy die onderlinge liefde by wyse van ‘n “nuwe gebod” aan sy mense voorskryf. Die “nuutheid” van hierdie gebod is in Jesus se voorbeeld van die liefde gefundeer. Dit word verder in 15:12 bevestig as Jesus sy liefde vir sy “eie” as maatstaf vir hulle onderlinge liefde neerlê. Die liefde wat onderling tussen lede geskied, kry met ander woorde volgens Jesus se optrede van liefde gestalte. Hierdie Christologiese fundering van God se ἴδίοι as ‘n liefdesgemeenskap verleen aan God se *gemeente* ‘n unieke identiteit wat hulle van die wêreld onderskei.

Indien gevra word wat Jesus se voorbeeld van die liefde alles behels, ontvou ‘n groter prentjie van die liefde wat alle familieverhoudings aan mekaar verbind. Dan word dit duidelik dat:

- Jesus se liefde vir sy ἴδίοι in werklikheid ‘n weerspieëling van sy Vader se liefde vir Hom is (17:23, 15:9). Met ander woorde dat die Vader eintlik as die bron van alle liefde beskou moet word. Wat behels die Vader se liefde? Binne die familieopset voorsien Johannes 15:10 ‘n riglyn, wat die Vader se liefde vir Jesus beskryf as die voorsiening van inligting (gebooie van die Vader), ten einde die familie in staat te stel om aan sy roeping te beantwoord. Ook elders in die evangelie besit die liefde van die Vader vir Jesus juis hierdie kenmerk, naamlik om inligting vir die familie se optrede te voorsien (10:17; 18). Die Vader wat hier in ‘n gesagsposisie beskryf word,

herinner aan die optrede van vaders in ‘n eerste eeuse familie wat met gesag aan die hoof van hulle families gestaan het.

- Jesus het op sy beurt die Vader se liefde beantwoord deur aan sy gebooie gehoorsaam te wees (15:10). Ook Johannes 14:31 vermeld Jesus se gehoorsaamheid aan die Vader. Hier vorm sy gehoorsaamheid as’t ware die keersy van die Vader se liefde vir Jesus.

Indien Jesus se *ἰδίοι* insgelyks hulle liefde vir Hom bewys deur sy gebooie te bewaar, soos waartoe hulle in Joh 14:21; 23-24 opgeroep word, volg hulle as kinders sy voorbeeld in die onderwerping aan hoër gesag. Hulle is dan verseker van die Vader se liefde vir hulle. Jesus gee in Joh 13:1-17 tydens die viering van die pasga ‘n duidelike voorbeeld van wat die inhoud van hierdie liefde behels, as Hy sy dissipels se voete was. Hierdie voorbeeld van onselfsugtige diens, word in Johannes 15:13 uitgebrei met Jesus se aankondiging dat liefde ook ‘n bereidheid insluit om jou lewe vir vriende af te lê. In beide hierdie gevalle staan die prysgawe van eie belange sentraal.

- Die Seun het sy *ἰδίοι* lief. Johannes 13:1 beskryf Jesus se liefde vir die gelowiges met *εἰς τέλος* (tot die uiterste toe). Jesus se liefde voorsien aan die gemeente die paradigma waarvolgens hulle optredes gerig behoort te word. Dit beteken dat die kruis ‘n maatstaf vir die liefde is.
- ‘n Lid van antieke families moes in ooreenstemming met die unieke karakter en identiteit van hulle onderskeie families leef. Met sy lewe het Jesus die identiteit van sy *ἰδίοι* bepaal en sy familie in die wêreld gevestig wat hulle aan sy standaard van die liefde moes onderskei.

Volgens hierdie verduideliking is dit duidelik hoe ‘n netwerk van liefde die familie tot ‘n eenheid saamsnoer. Dit is duidelik dat liefde uit aktiwiteite en dade van gehoorsaamheid bestaan, sodat gesê kan word dat liefde, gehoorsaamheid en dade ‘n eenheid vorm wat nie sonder mekaar te bedink is nie.

### 5.3 Jesus se *ἰδίοι* as dienende gemeenskap

Hierdie kenmerk van die *gemeente*, sluit direk by die voorafgaande aan. Die optrede van die Vader, Seun en kinders het die identiteit van die goddelike familie onmiskenbaar as liefde, bestaande uit dade, uitgewys. Tydens die viering van die pasga demonstreer Jesus sy liefde vir sy *ἰδίοι* deur hulle voete te was. Hy, as hulle meerdere, is bereid tot 'n taak van nederige diens. Die boodskap van sy handeling word in 13:14 duidelik aan sy mense gestel: hulle is verplig om dieselfde teenoor mekaar te doen. Hierdie optrede is die logiese gevolg van hulle liefde vir mekaar. Dit veronderstel, na die voorbeeld van die Seun, dade van selfopofferende diens aan mekaar.

### 5.4 Jesus se ἴδίοι as vreugdegemeenskap

Vreugde en vrede is duidelik as ‘n alternatiewe leefwyse, uniek aan God se wêreld, in hierdie wêreld geïdentifiseer. Omdat Jesus se ἴδίοι met ‘n goddelike perspektief leef, kan hulle sy blydskap volgens Johannes 17:13 volkome ontvang. Ook 16:21-22 sonder Jesus uit as die bron van die *gemeente* se vreugde. Die *gemeente* se bestaan gaan in hierdie wêreld dikwels met pyn en lyding gepaard. Nogtans leef hulle met die verwagting dat die vreugde sal deurbreek net soos wat blydskap volg nadat ‘n pynlike geboorteproses afgehandel is. Daardie vreugde breek inderdaad vir Jesus se mense deur in hulle weersiens van Jesus en met die ervaring van die Parakleet se teenwoordigheid in hulle lewens. Die persoonlike verbinding tussen Jesus en sy “eie” moet as die rede vir *die gemeente* se vreugde uitgesonder word.

### 5.5 Jesus se ἴδίοι as gebedsgemeenskap

Die verhouding tussen gelowiges en die onsigbare God word in die Johannesevangelie onder andere met die kommunikasieproses van ‘n eerste-eeuse Mediterreense familie ontwikkel.

Kommunikasie tussen seuns en vaders het in die antieke Mediterreense familielewe spontaan en openlik plaasgevind. Die hele hoofstuk 17 verwoord die Seun se vrymoedigheid om sy hart teenoor sy Vader te ontbloot. Jesus nader sy Vader met vrymoedigheid omdat Hy weet dat sy versoeke verhoor sal word op grond van die gemeenskaplike band wat familielede saamsnoer (17:10). Die kinders is hierby ingesluit en dit verleen ook aan hulle die sekuriteit om die Seun en die Vader met hulle versoeke te nader.

In *die gemeente* word die kommunikasie tussen gelowiges en God met die tema van die gebed verwoord. Verwysing na die gebede van gelowiges kom in drie hoofstukke van die afskeidsrede voor, te wete 14:13-14; 15:7, 16 en 16:23-26. Dit geskied teen die agtergrond van Jesus se terugkeer na sy Vader. Gelowiges word genooi om die Vader vrymoedig met enige versoek te nader. Opvallend van al hierdie uitnodigings is die waarborg wat Jesus telkens gee, naamlik dat hulle versoeke wel verhoor sal woord. Die realiteit van “onverhoorde gebede” waarmee gelowiges dikwels worstel, vra na ‘n verklaring van hierdie waarborge.

Jesus se terugkeer na sy Vader voorsien ‘n nuwe perspektief op die dissipels se gebede. Hulle versoeke moet voortaan *in die naam van Jesus* geskied. (14:13,14; 15:16; 16:23,24,26). Hiermee is die aard van die gelowiges se gebede bepaal. Om in Jesus se naam te bid beteken dat gebedsversoeke moet ooreenstem met dit waarvoor Jesus staan en onderworpe aan sy gesag moet bly.

### 5.6 Jesus se ἰδίοι as 'n gemeenskap van onderrig

In 13:13-14 noem Jesus Homself met die naam waarmee sy dissipels Hom ook identifiseer naamlik *διδάσκαλος* (leermeester). Wat in die afskeidsrede verder tussen Jesus en die dissipels plaasvind geskied in terme van 'n onderrigsituasie met terminologie eie aan die onderrig. Dit blyk onder andere uit die verskillende maniere hoe Jesus te werk gaan om kennis aan sy dissipels oor te dra. In 14:8-9 reageer Jesus op die dissipels se versoek om aan hulle die Vader te toon. Hierdie versoek impliseer dat daar 'n gebrek aan kennis by hulle oor die Vader bestaan. Jesus se woorde neem derhalwe 'n informatiewe karakter aan. Ná Jesus se vertrek neem die Parakleet hierdie informatiewe rol oor, deur die kinders aan alles wat Jesus gesê het te herinner (14:26).

Vaders was hoofsaaklik vir die onderrig van die seuns in antieke families verantwoordelik. Dit het streng volgens die karakter en gebruike van die familie plaasgevind. 'n Individuele lid van die familie kon sy eie identiteit binne die raamwerk en gedrag van die ander lede van die gesin vind. Vaders en oudste seuns het 'n belangrike rol in die vestiging van die familie se identiteit gespeel. Hulle het in belang van die groep as geheel gehandel en is as die verteenwoordigers van die familie gesien.

### 5.7 Jesus se ἰδίοι as pneumatologiese gemeenskap

Alhoewel die Gees nie in die familiemetafoor direk met 'n familieterm byvoorbeeld seun, vader of kind geassosieer word nie, onthul die funksionele rol van die Parakleet sy verhouding met die Vader en die Seun onmiskenbaar.

In 14:26 word die Parakleet se funksie met twee woorde beskryf naamlik *διδάξει* (onderrig) en *ὑπομνήσει* (herinner). Hiermee vervul die Parakleet sy rol om *die gemeente* vir sy optrede in die wêreld te bemagtig. God se mense word danksy die Gees, voortdurend van Jesus se woorde voorsien om sodoende hulle optrede daarvolgens te rig en 'n getuienis van hulle identiteit teenoor die wêreld te lewer. Met hierdie beskrywing van die Parakleet se taak, is dit duidelik dat die Gees nie met 'n eie agenda optree nie. Die reeds bestaande openbaring van Jesus word slegs herhaal en moontlik verdiep.

In Johannes 13:1-17:26 is dit duidelik dat die Parakleet in vier verhoudings betrokke is: Die Parakleet se verhouding met Jesus se "eie", met die wêreld, met die Seun en met die Vader. Hierdie vier verhoudings kan kortliks soos volg opgesom word.

*Die Parakleet se verhouding met Jesus se ἰδίοι:*

- Die Parakleet woon by hulle in en is by hulle teenwoordig (14:16);

- Die Parakleet onderrig hulle in alles en herinner hulle aan alles wat Jesus gesê het (14:26);
- Die Parakleet lei hulle in die waarheid (16:13);
- Die Parakleet maak die toekomstige dinge aan hulle bekend (16:13);
- Die Parakleet spreek alleen oor wat Hy gehoor het en sê niks uit sy eie nie (16:13).

*Die Parakleet se verhouding tot die wêreld:*

- Die Parakleet bewys die wêreld verkeerd ten opsigte van sonde, geregtigheid en oordeel (16:8-11);
- Die wêreld kan die Parakleet nie ontvang nie (14:17);
- Die wêreld verwerp die Parakleet (15:26).

Die Parakleet staan dus met sy skuldigbevinding en oordeel in 'n negatiewe verhouding met die wêreld.

*Die Parakleet se verhouding met Jesus:*

In hierdie verhouding het die Parakleet slegs die oogmerk om Jesus te verheerlik (16:14) en namens Hom te getuig (15:26). Die Parakleet het die taak om Jesus, nadat Hy na sy Vader teruggekeer het, steeds "sigbaar" te hou vir die gelowiges. Die enigste manier waarop die Parakleet dit kan doen, is om deur die optrede van Jesus se mense 'n getuienis teenoor die wêreld uit te dra. Die implikasie is dat die Gees deur die *ekklesiologiese* beeld wat die Johannesevangelie vertoon, na die wêreld uitreik. Net soos in die eerste eeu, sal die kerk vandag ook van die Gees se inwoning bewus moet bly en beskikbaar moet wees om deur die Gees in diens geneem te word.

*Die Parakleet se verhouding tot die Vader:*

Die Gees gaan van die Vader uit (16:26)

## 5.8 Jesus se *ἰδίοι* as missionêre gemeenskap

In Johannes 17 word Jesus vyf keer as *ἀπέστειλας* (gestuurde) van die Vader geïdentifiseer (17:3, 8, 18, 21, 22). Die rede vir Jesus se sending na die wêreld setel in die liefde van God vir die kosmos (3:16). God wou die wêreld red en daarvoor was die inkarnasie van die Seun 'n onmisbare skakel.

Jesus as Gestuurde, verteenwoordig die Vader of die wêreld van die "bo" in hierdie wêreld hier "onder". In Jesus se woorde en dade kan die Vader op aarde dus self geken en ervaar word.

Die vraag kan gevra word of Jesus se *ἰδίοι* teenoor die wêreld, dit wil sê buitestanders van die familie, met dieselfde liefde as dié van Jesus

moet optree. In die familieopset is dit duidelik dat daar van hulle geen ander optrede verwag kan word as dit wat Hyself ook bereid was om te doen nie. Dit is nie alleen die Seun se liefde wat sy *ἰδίοι* met liefde teenoor mekaar aanspoor nie, maar hierdie onderlinge optrede bevat ook ‘n sterk element van evangelisasie ten einde buitestanders tot die familie van God te oorreed (13:35; 17:21, 23). Dit is eers wanneer die liefde *die gemeente* van binne deursuur en die identiteit van God se mense daarmee bepaal is, dat hulle met dieselfde liefde na buite kan beweeg om die wêreld van ‘n alternatiewe lewenswyse wat volgens die liefde opereer, te oortuig.

Hierdie patroon herhaal homself met die aankondiging in 17:18 dat Jesus sy *ἰδίοι* na die wêreld stuur soos (*καθω ́ς*) wat die Vader Hom na die wêreld gestuur het. Die ooreenkoms tussen Jesus se sending en dié van sy mense is opvallend. Soos wat Jesus deur die Vader gestuur is, só word sy mense deur Jesus gestuur. Die “soos” karakter van *die gemeente* se sending veronderstel ‘n parallel tussen die sendings van Jesus en sy mense. Ook die missiologiese arbeid van die *ekklesia* is Christologies begrond. Daarvolgens is dit duidelik dat *die gemeente* se sending nie ‘n alternatiewe sending verteenwoordig nie, maar ‘n kontinuering van Jesus se sending is.

### 5.9 Jesus se *ἰδίοι* as ‘n gemeenskap van eenheid

Die tema van *die gemeente* se eenheid sou moontlik in die lig van die familiebeeld as ‘n samevattende tema beskou kon word. Die onderskeie teologiese temas pas bymekaar en moet in samehang verstaan word. Die tema van die gemeente se eenheid beklemtoon ook die verbondenheid van die onderskeie temas.

Die tema van die eenheid kom veral in hoofstuk 17:11, 21-23 ter sprake. In beide gevalle word die eenheid tussen Jesus se mense vergelyk met *die eenheid tussen die Vader en die Seun.*

In 17:20-23 word die “sendingsuksesse” van die gelowiges reeds geantisipeer. Diegene wat in die toekoms deur *die gemeente* se getuienis tot geloof sou kom, word voorsien. Die sentrale gedagte val hier op die eenheid tussen die gelowiges, wat op die model van ‘n groter eenheid tussen die Vader en die Seun, geskoei is. Drie verhoudings waarin die eenheid bepalend is, word ter sprake gebring:

- Eenheid tussen Vader en Seun;
- Eenheid tussen Seun en kinders;
- Eenheid tussen kinders onderling.

Die eenheid tussen die Vader en die Seun, wat as voorbeeld vir die eenheid tussen die kinders voorgehou is, is in 14:10 beskrywe as: “Jesus

in die Vader en die Vader in Jesus". "Die Seun in die Vader" is as Jesus se gehoorsaamheid aan die Vader se wil vertolk, terwyl "die Vader in die Seun" as God se teenwoordigheid in Jesus, verstaan is. Laasgenoemde dui moontlik op ‘n ontologiese eenheid tussen die Vader en die Seun (17:5), terwyl eersgenoemde die funksionele eenheid tussen die Seun en die Vader uitwys wat in Johannes 17:4 as Jesus se voltooide werk beskryf word.

Die eenheid tussen Vader en Seun wat as rolmodel vir alle verhoudings in die familie dien, bevestig dat die kinders ten volle in al die realiteite van die familie deel. Dit beteken dat die dinamiek van die familieverhoudings op die eenheid in die familie rus: Dit wat aan die familie behoort, behoort dus aan almal in die familie. Die eenheid van die *gemeente* wat in die Johannesevangelie ter sprake is, handel primêr oor verhoudings van geloof en liefde. Hierdie perspektief plaas die tema van die eenheid onder ‘n Christologiese opskrif. Dit strek egter verder en raak ook die praktiese funksionering van *die gemeente* waarvan Johannes praat. Om as ‘n getuienis vir die wêreld sigbaar te wees, behels dat gelowiges nie in afsondering en doelbewuste skeiding van mekaar kan opereer nie. Dit wil voorkom asof die tema van die eenheid in die gemeente sterker deur Johannes beklemtoon word as byvoorbeeld ‘n tema soos die verskeidenheid in die gemeente, wat veral deur Paulus ontwikkel word (1 Kor 12:1-31).

## 6 SLOT

Ek het die moontlike bestaan van ‘n Johannese ekklesiologie in die inleidende paragraaf van hierdie artikel bevraagteken. Die perspektief wat die Vierde Evangelie op hierdie tema bied, is met die hulp van ‘n parallelle ontwikkeling tussen die kenmerke van ‘n eerste eeuse Mediterreense familie en ‘n groep mense wat in Johannes 13:1 as Jesus se *ἰδίοι* beskryf word, ontwikkel. Hierdie perspektief vertoon ‘n ekklesiologie beeld wat alle menslike verhoudings relativeer en transendeer en uitdrukking gee aan ‘n nuwe broederskap wat Jesus self uitgesoek het.

**Literatuurverwysings**


Appold, M L 1976. *The Oneness Motif in the Fourth Gospel*. Tübingen: Mohr (Paul Siebeck).

Brown, R E 1977. Johannine Ecclesiology. The Community's Origins. *Interpretation* 31, 379-393.

-, 1979. *The Community of the beloved disciple.* London: Chapman.

Bultmann, R 1953. *Theologie des Neuen Testaments*. Tübingen: Mohr.

Carson, D A 1991. *The Gospel According to John.* Leicester: Inter-Varsity Press.

Culpepper, R A 1975. *The Johannine school: An evaluation of the Johannine school hypotyhesis based on an investigation of the nature of ancient schools.* Missoula: Scholars Press.

Du Rand, J A 1990. *Johannese Perspektiewe. Inleiding tot die Johannese Geskrifte.* Deel 1. Pretoria: Orion.

-, 1991. Perspectives on Johannine Discipleship according to the Farewell Discourses. *Neotestamentica* 25 (2), 311-325.

Du Toit, B A 1991. The Aspect of Faith in the Gospel of John with special reference of the farewell discourses of Jesus. *Neotestamentica* 25(2), 327-340.

Kysar, R 1993. *John, the Maverick Gospel*. Louisville: John Knox Press.

Martyn, J L 1979. Glimpses into the history of the Johannine community, in: *The Gospel of John in christian history. Essays for interpretation,* 90-121. New York:Paulist Press.

Meeks, W 1986. The Man from Heaven in Johannine Sectarism, in: Ashton J (red) *The Interpretation of John*. London: SPCK.

Oepke, 1979. *τεκνίον* in: Kittel, G (red) TDNT (Vol. 5) Grand Rapids: Eerdmans.

O'Grady, J F 1975. Individualism and Johannine Ecclesiology. *Biblical Teology Bullitin* 5, 227-261.

-, 1977. Johannine Ecclesiology: A Critical Evaluation. *Biblical Theology Bullitin,* 7 (1), 36-44.

Roloff, J 1993. *Die Kirche im Neuen Testament*. Grundrisse zum Neuen Testament, in: Jürgen Roloff (Hrsg), NTD Ergänzungsreihe 10. Gottingen: Vandenhoech & Ruprecht.

Van der Merwe, D G 1995. *Discipleship in the Fourth Gospel*, (Ongepubliseerde DD verhandeling). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Watt, J G 1991. Die Woord het Mens geword: ‘n Strukturele uiteensetting van die Teologie van die Johannesevangelie, in: Roberts, J H & Vorster, W S, Vorster J N, Van der Watt J G (reds), *Teologie in Konteks*. Halfway House: Orion.

-, 1997. Liefde in die familie van God ‘n beskrywende uiteensetting van familiale liefdesverhoudinge in die Johannesevangelie. *HTS* 53(3) 557-569.

-, 2000. *Family of the King*. Leiden: Brill.

Vanderlip, D G 1975. *Christianity according tot John*. Philadelphia:Westminister.

Via, D O 1961. Darkness, Christ, and the church in the Fourth Gospel. *Scottish Journal of Theology* 14: 172-193.